# HOOFSTUK VI

## SAMEVATTING EN SLOT.

### A. RESULTATE VAN DIE STRYD.

'n Evaluering van die hele posisie moet noodwendig drie duidelike stadia onderskei naamlik die periode voor die Eerste Wêreldoorlog, die periode tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorloë en die periode na die Tweede Wêreldoorlog.

### (a) PERIODE VOOR DIE EERSTE WÊRELDOORLOG.

Gedurende die eerste periode het dit vir die Duitse Owerheid oorsee gegaan om die behoud van sy koloniste as Duitsers. Dit was 'n stryd teen vervreemding, teen al slapperwordende bande, teen wegdrywing, teen beïnvloeding deur ander elemente soos die Afrikaners veral in die Suidooste van Suidwes-Afrika of denasionalisering as gevolg van afgesonderdheid. In plaas van die Duitse setlaar in Suidwes-Afrika prys te gee, is hulle gebruik as instrumente om die nasionale te versprei, oor te dra, om die Hollands-Afrikaanse invloed te neutraliseer en uiteindelik dié anderstalige koloniste in die "Deutschtum" op te neem. In hierdie proses is die onderwys gebruik as 'n invloedsfeer vanwaar doelgerigte verduitsingsbeleid uitgestraal is oor die hele land. Ouers is as vennote in die stelsel betrek deurdat hulle verantwoordelikheid aanvaar het vir die oprigting, instandhouding en bestuur van opvoedkundige inrigtings, maar die staat kon deur die regte onderwysers te voorsien die jeug sodanig lei dat die bande met die vaderland verstewig is en die skole 'n bolwerk van Duitse nasionalisme bly. Hierdie stelsel was egter skaars in redelik georganiseerde vorm van toepassing of die Eerste Wêreldoorlog het daaraan 'n einde gemaak.

(b) PERIODE TUSSEN DIE EERSTE EN TWEEDE WêRELDOORLOë.

Na die Eerste Wêreldoorlog het Duitsland Suidwes-Afrika as kolonie verloor. Gedurende die Mandaattydperk word deur die Staat voorbereidsels getref vir die algehele oorname van die onderwys in die land. Die datum van oorname is bepaal op 1 April 1920. Gedurende die daaropvolgende vier jaar sou Duits as moedertaal in die skole geleidelik uitgeskakel word sodat dit van 1 April 1924 nog slegs as 'n vreemde taal plek in die opvoedingsprogram sou geniet.

Die aanvaarding van die aangekondigde stelsel sou die totale ondergang van die Duitse skoolwese beteken het.(1) Daarteen het die Duitse bevolking hulle met alle toelaatbare, en later, ontoelaatbare middele verset. Hulle het privaatskole oral in die land gestig en hulle op die reg soos van toepassing op minderhede in Mandaatgebiede beroep. Mettertyd is toegewings verkry wat by nadere beskouing feitlik al die fasiliteite blyk te wees waarvoor die Duitsers geagiteer het, naamlik moedertaalonderrig tot St.10, Abitur soos van toepassing in Duitsland, Staatsubsidie aan Duitse privaatskole en Duitse onderwysers opgelei en gewerf in Duitsland. Intussen het die Duitsers al bedrywiger in die politiek geword, totdat skole kweekplekke van Nasionaal-Sosialisme onder invloed van Duitsland was en sekere elemente openlik die teruggawe van Suidwes-Afrika gepropageer het. Vir 'n tweede keer egter het die oorlog tussenbye gekom en 'n einde gemaak aan 'n bloeiende stelsel in staat- en privaatskole waarin die Duitser homself kon uitleef.

---

(1) Lemmer: C.J.C., Onderwys in Suidwes-Afrika, p.130, 131.

(c) NA DIE TWEEDE WêRELDOORLOG.

Na vredesluiting is al die voorregte van die Duitssprekendes hulle ontneem met die proklamasie van Ordonnansie Nr.36 van 1945. Weer het die lang opdraande stryd begin. Gelukkig het die Duitssprekendes spoedig te doen gekry met 'n simpatieke owerheid wat van 1950 tot op datum bereid was om binne die perke van die praktiese en met inagneming van opvoedkundige beginsels, aan die Duitsers fasiliteite te voorsien wat die natuurlike reg van elke ouer is. Dit was die gevolg van 'n belangrike beleidsverandering. Voor hierdie datum was die opvoeding gebaseer op die onderrig van die twee amptelike tale as die grondpilare van die onderwysstruktuur. Daarna word dit vervang deur 'n nuwe benadering te wete dié van moedertaalonderrig,(1) wat die vorige stelsel opgeneem en dit verruim het weens aksentverskuiwing.

'n Nuwe deur het vir die Duitsers oopgegaan waardeur hulle onderrig deur medium van Duits in staatskole kom verkry. Die gevolg is dat daar tans nege Duitsmediumafdelings aan staatslaerskole bestaan in vergelyking met ag voor 1946. In hierdie afdelings: Swakopmund, Windhoek (Orban), Walvisbaai, Omaruru, Otavi, Grootfontein, Okahandja, Gobabis en Keetmanshoop, word die onderrig in die moedertaal dwarsdeur die skoolloopbaan gehandhaaf, behalwe waar om praktiese redes in Sts.4 en 5 Gesondheidsleer en Aardrykskunde deur medium van Afrikaans of Engels gegee word. Dié afwyking het ten doel om die Duitse kind meer vertroud te maak met die ampte-

---

(1) Rede gelewer deur mnr. A.H. du Plessis, L.U.K., tydens die amptelike opening van die Duitse Laerskool, Otjiwarongo op 19 Augustus 1966, p.2.

like taal wat hy in die middelbare skool as medium sal gebruik.

Behalwe hierdie afdelings is daar ook reeds twee Duits-medium Staatslaerskole in Tsumeb en Otjiwarongo wat as aparte eenhede funksioneer. Dit is wat laerskole betref 'n nuwe ontwikkeling, 'n gevolg van die stryd om gelykberegtiging, 'n direkte gevolg van die beleid van moedertaalonderrig en 'n onteenseglike bewys van die opregtheid van die Administrasie om van die Duitsers nie te weerhou wat hy bereid is om aan andertaliges te skenk nie. Dit is 'n mylpaal in die geskiedenis van die stryd om die behoud van die eie en verg daarom nadere beskouing.

Die laerskool te Tsumeb, die „Glück-Auf-Schule",[1] is in Januarie 1964 geopen met 'n inskrywing van 171 leerlinge en mnr. E.O. Peter as eerste hoof. Reeds in 1962 het die oorgrote meerderheid van die Duitssprekende ouers tydens 'n vergadering wat deur die destydse Kringinspekteur van Onderwys, dr. P.S. Malan, belê is, besluit dat hulle ten gunste is van afstigting van die bestaande Afrikaanse laerskool met 'n inskrywing van oor die 800 leerlinge. Die amptelike opening van die nuwe skool het plaasgevind op 14 November 1964.[2]

By dié geleentheid het die eregaste onder andere die volgende persone ingesluit: die Duitse Konsul, mnr. F. Strusch, dr. W. Weitzel, voorsitter van die Deutsche Arbeitsgemeinschaft in Suidwes-Afrika en dr. J.W. Brandt, L.U.K., as

---

(1) Brief van mnr. E.O. Peter, Skoolhoof, Glück-Auf-Schule, Tsumeb, 15 Oktober 1966. „Glück-Auf" is die amptelike groet van die Duitse mynwerkers in diens van die Tsumeb-korporasie.

(2) Ibid.

verteenwoordiger van die Administrasie. Dit is nie toevallig nie. Die deelname van hierdie persone aan die feestelike geleentheid is 'n belangrike ontmoeting en simbolies van verskillende liggame wat deur die jare elk op eie terrein 'n faktor was in verband met die stryd van die Duitser om die behoud en uitbouing van wat vir hom dierbaar was. Mnr. Strusch is die verteenwoordiger van die Wes-Duitse regering wat nooit die belangstelling in die Duitssprekende in Suidwes-Afrika verloor het nie; wat by wyse van ruim bydraes in krisistye die privaatskole van ondergang bewaar en in voorspoediger jare hulle in staat gestel het om gebouekomplekse op te rig waarop die Duitsers voorwaar trots kan wees; wat steeds daarop gesteld is dat die kultuurbande met die stamland gehandhaaf word en 'n gerieflike bron bly waaruit die privaat- en staatskole personeel vir vakatures kan werf.

In sy boodskap het mnr. Strusch die Suidwes-Administrasie geloof dat die Duitssprekende burgers nie net toegelaat word nie, maar ook gehelp word om die opleiding van hul kinders in hul moedertaal te geniet. Hy het dit as 'n voorreg bestempel in 'n wêreld waar nie net die totalitêre state daarop bedag is om die verskeidenhede wat in die moderne pluralistiese gemeenskappe bestaan te nivelleer nie, maar ook demokratiese state aan die gelykmakingsproses meedoen, deur die jeug eners („einheitlich") te wil opvoed, deur 'n eenkanaalstelsel. Suidwes-Afrika handhaaf daarinteen 'n besondere beginsel, die beginsel van moedertaalonderrig. Wilhelm von Humboldt het eenmaal gesê: „Die wahre Heimat ist eigentlich die Sprache. Sie bestimmt eine Sehnsucht

danach und die Entfrendung vom Heimischen geht immer durch die Sprache am schnellsten und leichtesten, wenn auch am leisesten vor sich." Met die woord „Heimat" word hier nie soseer die land bedoel nie as die innerlike kern, die uitgangspunt, die siel. Daarom sal die opvoeding waarvan die inhoud deur die Staat bepaal word, maar die vorm en uitdrukking (in hierdie geval Duits as moedertaal) by die natuurlike aard van die kind aanpas, blywender wees as dié wat van 'n vreemde of gedwonge vorm gebruik maak. Daarin lê vir hom die belangrikheid van die eerste Duitse Staatslaerskool.(1)

Dr. W. Weitzel, voorsitter van die Deutsche Arbeitsgemeinschaft, Suidwes-Afrika, moet gesien word as die verteenwoordiger van die Duitssprekende gemeenskap van wie die wil, durf en daadkrag uitgegaan het om te stry vir die behoud van die eie. Die stryd is deur die private skole onder moeilike omstandighede voortgesit en moet altyd gesien word as die stryd van die Schulvereine, die Arbeitsgemeinschaft, die Duitse gemeenskap in die breë en nie 'n groepie onderwysers en 'n paar skoolkomiteelede nie. Daarom is dr. Weitzel se teenwoordigheid betekenisvol, want ook die lyn wat hy verteenwoordig staan hier nie afsydig nie, maar kan met waardering getuig van wat reeds deur die Staat vir die Duitssprekende gedoen is en die moontlikhede wat die Glück-Auf-Schule as 'n selfstandige skool met 'n eie Duitse hoof bied. Hy laat egter, gedagtig aan die stryd om die eie, nie die geleentheid verby gaan om te pleit nie dat in

---

(1) Rede deur mnr. F. Strusch, gelewer tydens die amptelike opening van die Glück-Auf-Schule, Tsumeb, op 14 November 1964, p.2.

die laerskoolkursus afgesien moet word van die praktyk om een vak in St.4 (Gesondheidsleer) en twee vakke in St.5 (Gesondheidsleer en Aardrykskunde) deur 'n vreemde medium te laat onderrig. Sy beste wense vergesel die leerlinge van die nuwe skool. Die hoop word gekoester dat hulle tot eerlike en opregte staatsburgers opgevoed sal word.(1)

Dr. J.W. Brandt het beklemtoon dat dit die Staat erns is om sy beleid van moedertaalonderrig te handhaaf. Die opening van die eerste Duitse Staatslaerskool is 'n verdere bewys van die praktiese uitvoering van hierdie beleid waar dit moontlik is. Dit is 'n daad wat spreek van geloof in die waarde van die moedertaal as middel om die erfenis van 'n volk van geslag tot geslag oor te dra, maar ook van geloof dat daardeur karaktervaste persoonlikhede gekweek sal word vir die welsyn van die land in samewerking met anderstaliges wie se gevoelens en beskouings gerespekteer moet word. Hy het gesê dat hy nog van niemand weet wat as held verheerlik is omdat hy sy eie verloën het nie en hy weet ook van niemand wat sy eie kultuur opreg liefgehad het, wat met haat teenoor 'n ander kultuur vervul was nie. Daarom is die Glück-Auf-Schule 'n monument vir die huidige en toekomstige geslagte waar die jeug, die kosbaarste besitting van 'n volk, geestelik toegerus kan word om hulleself te handhaaf in 'n onstuimige wêreld met 'n onsekere toekoms. Op die Afrikaanse kontinent skyn dit of die suidelikste deel van dié vasteland die enigste toevlugsoord is waar Afrikaans, Engels en Duits as kultuurtale behoue sal bly

---

(1) Verslag deur mnr. E.Ö. Peter, Skoolhoof, Glück-Auf-Schule, Tsumeb, van dr. W. Weitzel se toespraak by geleentheid van die amptelike opening van die skool op 14 November 1964, p.1.

tot wedersydse nut en seën.[1]

Die Glück-Auf-Schule was die eerste maar nie die enigste Duitsmediumlaerskool nie. Toe daar sprake was van 'n tweede laerskool in Otjiwarongo het die Duitse ouers van die distrik in 1962 die Deutsche Elternschaft gestig om hulle te beywer vir die stigting van 'n suiwer Duitsmedium skool. Hulle moeite is bekroon toe so 'n skool op 25 Januarie 1966 begin en op 19 Augustus 1966 deur mnr. A.H. du Plessis amptelik geopen word. Interessant is dit dat die Deutsche Elternschaft in Junie 1966 ontbind, 'n getuienis dat hy sy taak as afgehandel beskou, aangesien die belange van die skool daarna deur die Skoolkomitee behartig word.[2]

By hierdie feestelike geleentheid is mnr. F. Strusch, die Duitse Konsul en dr. W. Weitzel weer teenwoordig, sodat 'n herbevestiging plaasvind van die gees van samesyn enkele jare gelede te Tsumeb. Dit is ook 'n erkenning van gemeenskaplike besit, want dit is duidelik dat die Duitse kind nie die verantwoordelikheid van die Wes-Duitse regering is nie, ook nie die uitsluitlike belang van die Deutsche Schulverein nie, maar dat hy/sy deel van die land Suidwes-Afrika is, met wie se opvoeding die Staat wel deeglik gemoeid is. Daarom wys mnr. A.H. du Plessis in sy openingsrede daarop dat in dié Duitsmedium Laerskool (soos tewens in enige ander skool) die krag van 'n volk versterk of verbreek kan word.

---

(1) Rede van dr. J.W. Brandt, L.U.K., by geleentheid van die Amptelike opening, Glück-Auf-Schule, Tsumeb, 14 November 1964, p.1 - 4.

(2) Brief deur mnr. R. Fechter, Hoof van die Duitse Laerskool, Otjiwarongo, gedateer 24 Oktober 196.

Dit is belangrik dat aan leerlinge nie net kennis van lees, skryf en rekene bygebring word nie, maar dat riglyne aangedui en karakters gevorm sal word. Die samewerking van die ouers is in dié proses onontbeerlik, want geleerdheid sonder die besef van verantwoordelike burgerskap kan baie gevaarlik wees. Daar is volle geleentheid vir die gebruik van die Duitse taal, sowel as die waardering en uitbouing van die Duitse kultuur, maar hy het gewaarsku dat indien die Duitssprekendes verplig voel om die lojaliteit aan Suid-Afrika ondergeskik te stel aan dié van 'n ander land, dit alleen onberekenbare skade en leed in die gemeenskap kan veroorsaak. „Darum hat das Vertrauen der Administration in ihrer Landespolitik seinen Niederschlag gefunden in der Annahme, dass die Deutschsprachigen für ihr Recht, hier - im südlichen Afrika - leben zu können einen zu hohen Preis bezahlt haben, als dass dies Vertrauen jemals miss-braucht wird."(1)

Mnr. du Plessis het vervolgens die sleutel aan die hoof, mnr. R. Fechter, oorhandig en die wens uitgespreek dat hy en sy kollegas en diegene wat hulle sal opvolg, die skool steeds sal sien as 'n sleutel tot die toekoms. Mag die werk wat daarin verrig word weerklank vind en tot eer van die gemeenskap strek. Die leuse van die skool is: „Bauet am Erbe". „Hier sal gebou word. U sal bou op die verlede en u sal bou aan ons Christelike denkwyse. Mag ons beste verwagtinge van die struktuur wat volgens hierdie begrippe sal verrys, ons hoogste verwagtinge verwesenlik",

---

(1) Rede deur mnr. A.H. du Plessis, L.U.K., gelewer tydens die amptelike opening van die Duitse Laerskool te Otjiwarongo, 19 Augustus 1966, p.5, 6.

aldus mnr. du Plessis.[1]

Dit is inderdaad so dat wat hier bereik is 'n sleutel tot die toekoms vir die Duitssprekende gemeenskap is. Die Administrasie is verder bereid om in dieselfde gees van vertroue voort te gaan sodat die deur wat oopgemaak is, as verantwoordelike toegangspoort kan dien vir vrugbare samewerking en diensbaarheid aan land en volk. By monde van die lid van die Uitvoerende Komitee belas met Onderwys, mnr. A.H. du Plessis, is in 1966 tydens 'n kongres van die Nasionale Party in Windhoek bekend gemaak dat die Administrasie oorweging skenk aan die oprigting van nog twee Duitsmedium staatskole, een in Windhoek en een in Swakopmund. Hy het voortgegaan en die uiters belangrike mededeling gedoen dat die Staat aandag skenk aan die moontlikheid om moedertaalonderrig deur medium van Duits in staatskole ook uit te brei tot St.8 omdat vasgestel is dat kinders wat moedertaalonderrig deur medium van Duits ontvang tot St.8, nog opgewasse is om te voldoen aan die vereistes wat ten opsigte van die tale gestel word vir toelating tot universiteite in die Republiek van Suid-Afrika.[2]

Enkele maande daarna het die Uitvoerende Komitee dan ook soos volg besluit:[3]

(i) Dat Duitsmediumonderrig in staatskole tot St.8 uitgebrei word.

---

(1) Ibid., p.13.

(2) Die Suidwester, 12 November 1966.

(3) Minute 605: Onderwys: Invoering van Duits as medium van onderrig vir Duitssprekende leerlinge tot en met St. VIII. Memorandum E.1/78 gedateer 4 Julie 1967.

(ii) Dat wanneer die tyd daarvoor geleë is Duitsmedium-onderrig in St.6 by die Swakopmundse Hoërskool ingevoer word.

(iii) Dat die Onderwysordonnansie 1962 gewysig word om vir die nuwe beleid voorsiening te maak.

(iv) Dat die subsidie wat aan private skole vir die onderrig in sekondêre skole deur medium van Duits betaal word, later heroorweeg sal word in die lig van die Administrasie se vermoë om Duitssprekende kinders te akkommodeer.

Hierdie besluit impliseer 'n belangrike beleidsverandering. Vir die Duitssprekendes word tot op datum moedertaalonderrig slegs in laerskole, deur die Staat beheer, gegee. Omdat die voorreg nie in middelbare skole bestaan nie, subsidieer die Staat privaatskole waarin Duits as moedertaal tot St.8 gebruik word. Nou word egter in die vooruitsig gestel die skepping van onderwysgeriewe in Swakopmund om dit ook daar moontlik te maak. Wanneer dit eendag gebeur sal die stryd wat die staatskool betref sy eindpunt bereik het. Dit is treffend dat die geskiedenis homself hier herhaal. Tot aan die einde van 1945 was die middelbare staatskool in Swakopmund bekend as die Deutsche Höhere Schule. Dit het in 1930 ontstaan en moedertaalonderrig tot St.10 verskaf. Hierdie vergunning sal egter nie weer kan plaasvind nie, alvorens die vrystellingsvereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad 'n wysiging ondergaan, want vir die staat gaan dit nie net om die verlening van 'n voorreg nie, maar om die verkryging van 'n sertifikaat wat toegang vir verdere opleiding verleen aan Suid-Afrikaanse universiteite of kolleges,

of indien skoliere na Matriek in die arbeidsgemeenskap wens opgeneem te word, om te kan toetree tot die verskeidenheid van ambagte en beroepe in die Republiek en Suidwes-Afrika. Dit bly egter interessant dat die gedeeltelike herstel van moedertaalvoorregte, vir sover dit tans deur die staat prakties moontlik is, beoog word op dieselfde plek waar die eerste en enigste Duitse Staatshoërskool voor 1946 bestaan het.

Dit moet opval dat die gees van die stryd in die jare na die Tweede Wêreldoorlog radikaal verskil van dié gedurende die Mandaattydperk. Aanvanklik is in 1920 gepleit en die versekering gegee dat die Duitsers geen politieke bedoelings met hulle versoeke om moedertaalonderrig het nie. Later is eise gestel en eventueel is onder invloed vas vyandiggesinde elemente van Duitsland ondergrawingswerk binne en buite die skole gedoen. Dié provokasie sou weer lei tot skerp optrede deur die staat wanneer alle taalvoorregte summier weggeneem word in 1945. Wanneer daar weer pogings tot herstel van die taalvoorregte gedoen word, is die oorlogstydse regering nie meer aan bewind nie. Die weg van onderhandeling met die nuwe Owerheid word gevolg, dwarsdeur gekenmerk deur 'n gees van welwillendheid omdat die Nasionale Party „nie aan andere doen wat hy nie aan homself gedoen wil hê nie."(1) Ten einde tot die beste oplossings te geraak word Duitssprekendes in Kommissies van Ondersoek opgeneem sodat hulle wense en advies saam met die opinies

---

(1) Die Suidwester, 21 Maart 1953.

van andere kan kristalliseer in die daarstel van fasiliteite wat prakties uitvoerbaar is, nie indruis teen die nasionale belang nie en tog ook die kulturele en historiese ontwikkelinge van die land en sy drie taalgroepe in ag neem.(1) Daarom kry die Duitsers soms meer as wat hulle gevra het.

Die verhouding van die blanke bevolkingsgroepe in Suidwes-Afrika is Afrikaans 66.3%; Duits 23.9%; Engels 8.3%; Andertaliges(2) 1.5%. Die Engelssprekendes is dus ook 'n minderheidsgroep, nog kleiner as die Duitssprekendes. In Desember 1966 het hulle wat staatskole betref een aparte Engelsmedium hoërskool, Centaurus te Windhoek (263 leerlinge) en een Engelsmediumafdeling aan die Swakopmundse Hoërskool (166 leerlinge) gehad. In laerskole beskik die volgende plekke in dieselfde jaar oor Engelsmediumafdelings: Grootfontein (Wilhelm Nortier): 19; Keetmanshoop (Daan Viljoen): 24; Lüderitz (Helene van Rhyn): 50; Swakopmund: 38; Windhoek (Emma Hoogenhout): 243; Walvisbaai (Hoogenhout): 102; Walvisbaai (Junior Laerskool): 109. Laasgenoemde twee skole het sedert die begin van 1967 geamalgameer tot 'n aparte Engelsmediumlaerskool (Duneside) terwyl Tsumeb (Francis Galton) reeds vanaf 1964 'n eie Engelsmediumlaerskool is met 'n leerlingtal van 130 aan die einde van 1966.(3) Daar is reeds kennis gegee dat Emma Hoogenhout laerskool in Windhoek vanaf 1968 geleidelik sal oorskakel tot 'n suiwer Engelsmediumskool.(4)

---

(1) Die Suidwester, 7 September 1957.

(2) The State of South Africa Yearbook 1951, p. 355.

(3) Onderhoud Direkteur van Onderwys, 18 Januarie 1968.

(4) The Windhoek Advertiser, 13 Oktober 1967.

Wat die Duitssprekendes betref, bestaan daar op die oomblik twee Duitsmedium laerskole, een te Tsumeb en een te Otjiwarongo met die vooruitsig van nog twee in Windhoek en Swakopmund later. Binne afsienbare tyd sal in Swakopmund Duitsmediumonderrig tot St.8 aangebied word. Behalwe hierdie fasiliteite is daar nege Duitsmediumafdelings verbonde aan verskillende laerskole in die land. Aan een van die laerskole te Windhoek is selfs 'n geleentheidsklas vir Duitssprekende leerlinge geskep. Die volgende gegewens gee 'n baie duidelike beeld van die stand van sake met betrekking tot die aard van die fasiliteit, plek van aanbieding en inskrywing:(1)

| | |
|---|---|
| 1. <u>Duitsmedium Staatslaerskole:</u> | |
| Tsumeb (Glück-Auf-Schule) | 180 |
| Otjiwarongo | 131 |
| 2. <u>Duitsmediumafdelings aan Staatslaerskole:</u> | |
| Swakopmund | 330 |
| Windhoek (Orban) | 210 |
| Walvisbaai | 91 |
| Omaruru | 51 |
| Otavi | 86 |
| Grootfontein | 115 |
| Okahandja | 97 |
| Gobabis | 20 |
| Keetmanshoop | 30 |
| 3. <u>Duitsmediumgeleentheidklas aan Staatslaerskool:</u> | |
| Windhoek (Orban) | 13 |
| Totaal : | 1,354 |

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.15.

Vir die ooreenstemmende periode was die inskrywings in die drie Duitse privaatskole soos volge:(1)

| | |
|---|---|
| Höhere Privatschule Windhoek | 744 |
| Deutsche Schule Lüderitz | 194 |
| Privatschule Karibib | 293 |
| Totaal : | 1,231 |

Hieruit blyk dat ongeveer 52.4% van die totale aantal kinders wat in Duitsmediumafdelings onderrig ontvang aan staatskole verbonde is, vir die huidige nog net laerskole. In Desember 1923, twee jaar nadat die staat die onderwys van Duitssprekende kinders oorgeneem het, is daar 385 uit 'n totaal van 739 in regeringskole of te wel 52%. Nadat subsidies toegestaan is, lyk die prentjie in 1928 heelwat anders. Dan is daar 575 in regeringskole uit 'n totaal van 1,482 met ander woorde ongeveer 38.8%. Die bywoningsyfer vir die teenswoordige behoort aanmerklik te styg sodra daar voorsiening vir moedertaalonderrig in die Swakopmundse Hoërskool gemaak is. Op die oomblik vind die grootste sametrekking van Duitse leerlinge vir middelbare onderwys eintlik daar plaas, maar hulle is wat die berekening betref glad nie in aanmerking geneem nie, terwyl wat die privaatskole se syfers die totale inskrywing van Sub A tot St.10 verteenwoordig hoewel leerlinge in die Senior Sekondêre Kursus die eksamenvakke nie deur medium van Duits ontvang, behalwe natuurlik Duits as vak self. Dit geld vir die skole Lüderitz en Windhoek. Dit sou insiggewend wees om na verloop van tyd die syfers weer te vergelyk sodra die eerste groep leerlinge met Duits as moedertaal hul onderrig tot St.8 ontvang, maar in daardie

(1) Ibid.

geval slegs die syfers in die Laerskole tot en met die Junior Sekondêre Kursus teenoor mekaar te stel. Die beeld wat nou reeds duidelik na vore kom, sal dan helderder in perspektief uitstaan naamlik dat die Staat in toenemende mate voorsiening maak vir die onderwys van die Duitssprekende kind en dat hierdie fasiliteite gebruik word.

Uit die voorafgaande moet die konklusie getrek word, dat die Duitssprekendes byna alles gekry het waarvoor hulle aanvanklik die stryd aangeknoop het. Hulle wou ten alle koste moedertaalonderrig vir hulle kinders verseker. Dit het hulle in die laerskole geheel en al gekry behalwe waar in Sts.4 en 5 om praktiese redes twee vakke deur medium van Afrikaans of Engels onderrig word. Die doel is om 'n brug te span ten einde gemakliker oor te skakel na een van die landstale as medium later in die middelbare skool. Die afwyking is dus begryplik veral as in aanmerking geneem word dat een van die versoeke van die Duitssprekendes was dat die onderrig van Duits nie die onderrig van Afrikaans en Engels mag benadeel nie. Wat die middelbare skool betref is die belofte daar dat moedertaalonderrig tot St.8 in die nabye toekoms in Swakopmund uitgebrei sal word. Dat die nie tot St.10 geskied nie, is in die eerste plek nie te wyte aan onwilligheid van die kant van die Owerheid nie maar aan Matrikulasieraadvereistes waaraan voldoen moet word.

'n Belangrike strydpunt vir die Duitsers was die voorsiening van onderwysers. Hulle wou aanvanklik net onderwysers goedkeur wat hul opleiding in Duitsland gehad het. Die Staat was nie hiervoor te vinde nie. Dit het die beleid neergelê dat onderwysers in Duitsland gewerf kan word slegs

om tekorte in Suidwes-Afrika aan te vul. In dié verband is dit opmerklik dat selfs die Duitse privaatskole nie net van buitelandsopgeleide onderwysers gebruik maak nie.(1) Wat die staatskole aangaan kan die voorsiening van geskikte leerkragte uit eie bodem nie tred hou met die ontwikkeling van die Duitsmediumafdelings nie. Die gevolg is dat daar gedurig onderhandelings met die Wes-Duitse Owerheid is om meer onderwysers te werf. In 1964 verklaar dr. J.W. Brandt, L.U.K., dat 48 Duitse leerkragte verbonde is aan Duitsmediumafdelings in staatskole. Vyf van hierdie onderwysers kom uit Duitsland. Nog twee sou binnekort arriveer terwyl daar verder nog twee vakatures was wat op daardie tydstip nie gevul kon word nie.(2) Die getal wat van oorsee aangevra word, beloop uiteindelik twaalf. Die reiskoste van sulke leerkragte van en na Wes-Duitsland word alles deur die Administrasie gedra.(3)

Dit is 'n gesonde beleid van die staat want daardeur word verseker dat die beskikbare materiaal aan Duitse opvoedkundiges in Suidwes-Afrika nuttig gebruik word. Met die skepping van meer onderwysgeriewe vir Duitssprekendes sal al meer leerkragte benodig word. Die hele ontwikkeling skep ook nuwe moontlikhede vir die Duitse onderwyser. Toe moedertaalonderrig bloot aan Duitsmediumafdelings van staatslaer-

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.61.

(2) Rede van dr. J.W. Brandt, L.U.K., by geleentheid van die opening van die Glück-Auf-Schule, Tsumeb, op 14 November 1964, p.3.

(3) Die Deutsche Höhere Privatschule: Spesiale Bylae wat die verskillende toesprake bevat gelewer tydens die ingebruikneming van die eerste deel van die nuwe skoolkompleks, 25 Maart 1964, Rede van Sy Edele die Administrateur, mnr. W.C. du Plessis, p.5.

skole geskep is, was dit vir die meer idealistiese Duitse onderwyser 'n doodloopstraat. Tensy hy bereid was om die sterk kompetisie met die Afrikaans- en Engelssprekende onderwysers om promosieposte aan te durf, was daar wat Duitsmediumafdelings betref min geleentheid vir bevordering. Met die opening van aparte Duitse staatslaerskole, en volgens alle aanduidings minstens een Duitse middelbare skool in die toekoms, word dié plafon verwyder. Suid-Afrikaansopgeleide Duitse onderwysers het dus nou 'n voorsprong. Hulle kan kwalifiseer vir bevordering in Afrikaanse, Engelse of Duitse staatskole. Op die oomblik is daar reeds twee Duitse hoofde aan die Glück-Auf-Schule en die Duitse Laerskool te Otjiwarongo verbonde. Hierdie aanstellings was moontlik gemaak deur die skepping van aparte Duitse skole.

Die bevorderingsmoontlikhede eindig egter nie by die skole nie. Op 1 Januarie 1963 is mnr. H.C. Nöckler aangestel as Organiseerder van Duits in Suidwes-Afrika op grond van sy kennis van Duits en sy jarelange ervaring in skole van hierdie land.(1) Hy is nog die enigste onderwyser wat as assistent in die destydse middelbare staatskool te Swakopmund aangestel was, wat hom vandag nog aktief besig hou met die skoolopvoeding.(2) Hoewel sy pos nie dieselfde graad is as die van Inspekteur soos indertyd beklee deur dr. Frey nie, is dit met die oog op die behoeftes van Duitsmediumonderrig in staats- en privaatskole 'n belangrike aanstelling. Sy advies in verband met die onderrig van Duits

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, 2/1963, p.3.

(2) Rede van dr. J.W. Brandt, L.U.K., by geleentheid van die amptelike opening van die Glück-Auf-Schule, Tsumeb, 14 November 1964, p.2.

as vak en die invoering van geskikte leerboeke vir gebruik in die skole vir Duits Hoër en Laer is baie nuttig.[1] Hierdie pos sal sekerlik gekontinueer word, want dit dek 'n belangrike veld veral weens die herinstelling en uitbreiding van Duitse moedertaalonderrig. Die skepping en vulling daarvan is 'n verdere toegewing om sover moontlik die posisie te herstel soos wat dit was voor die algehele afskaffing van voorregte vir die Duitssprekendes met die proklamasie van Ordonnansie Nr.36 van 1945.

Die Duitsers het hulle voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog herhaalde male beroep op die regte waarop hulle kragtens die Mandaat geregtig was. Hoewel die Mandaat volgens die inwoners van Suidwes-Afrika met die verdwyning van die Volkebond verval het,[2] kan onomwonde verklaar word dat daar genoegsame bewys is van eerlike voogdyskap. Die erkenning van Duits as derde nasionale taal, die verskaffing van moedertaalonderrig ook vir Duitssprekende leerlinge as minderheidsgroep, geleenthede tot naturalisasie[3] en dientengevolge deelname aan die landsadministrasie soos enige ander stemgeregtigde burger, spreek vanself. Die Duitsers kan getuig dat hulle „sedelike welsyn en maatskaplike vooruitgang" ruim bevorder is.

Een verdere punt dien vermelding. In 1950 was een van

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.61.

(2) South West: The last frontier in Africa: Eschel Rhoodie, p.18.

(3) Wette van die Unie van Suid-Afrika, Wet Nr.44 van 1949. Hierdie Wet is ook op Suidwes-Afrika van toepassing gemaak. Alle Duitsers deur Wet Nr.35 van 1942 gedenaturaliseer kon weer burgerskap verwerf deur slegs daarom aansoek te doen. Volgens die Suidwester, 5 November 194[illegible], het [illegible] van hulle op daardie stadium van die voorreg gebruik gemaak.

die spesiale versoeke dat godsdiensonderrig in die moedertaal en volgens belydenis van die kerk aangebied moet word. Wat privaatskole betref, is dit beslis vandag die geval. Konfessionele onderrig aan Luthers-Evangeliese en Rooms Katolieke skoliere word deur predikante en priesters van die betrokke kerkgenootskappe waargeneem.[1] Hierdie reëlings bestaan nie in staatskole nie omdat alle vakke deur opgeleide onderwysers waargeneem word.

B. BYDRAE OP ONDERWYSGEBIED.

(i) DIE DUITSE TAAL.

Die vernaamste bydrae is ongetwyfeld die behoud van die Duitse taal deur die voortbestaan van die Duitse privaatskole, die herinstelling van Duitsmediumafdelings aan staatskole Sowel as die keuse van Duits Hoër as 'n vak onder Afdeling A(1) vir Matrikulasievrystellings doeleindes. Daarmee is die bronaar, die vernaamste kanaal tot die erfgoed van die Duitse volk bewaar, met liefde vertroetel en met groot opoffering uitgebou. Dit bly in der waarheid die kosbare pand van die Duitsers se nasionale verlede en toekomstige hoop. Daarmee word die kind se siel bereik, sy hele wese opgevoed tot die aanvaarding- en uitlewing van 'n besondere lewensbeskouing in die land van sy geboorte.

(ii) DIE DERTIENDE SKOOLJAAR:

Die Duitse Privaatskool het hom egter ook op 'n ander manier onderskei. Gekonfronteer met die probleme van die

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.61.

tyd was dit gedwing om oplossings daarvoor te soek. Een daarvan was aansluiting by die universiteit.

Gedurende die afgelope jare het daar dikwels stemme opgegaan oor die groot aantal druipelinge onder eerstejaarstudente aan universiteite.(1) Die middelbare skool is soms as die sondebok voorgehou terwyl ander die mening toegedaan was dat die algemene wetenskaplike, professionele en geestelik-kulturele vorming van die student aan die universiteit verwaarloos word.(2) Ook die Matrikulasieraad het hom met die saak besig gehou en nuwe vrystellingsvoorwaardes oorweeg. In beginsel is besluit om van 1970 af net vier van die ses basiese Matrikulasievakke te modereer, terwyl die wyses van eksaminering van die ander twee vakke aan die verskillende Departemente van Onderwys oorgelaat sou word. Hierdie besluit het skerp kritiek uitgelok. Daar is betoog dat die Steynverslag gebaseer is op statistiek en die veronderstelling dat vordering op universiteit die toelatingsvereistes bepaal. Prof. C.H. Rautenbach, rektor van die Universiteit van Pretoria, het tereg daarop gewys dat eerstejaarsdruiping nie gewyt kan word aan die skolastiese en intellektuele toerusting van die Matrikulant nie, maar aan die gebreke van sy persoonlikheidsamestelling.(3)

Die Uitvoerende Komitee van die Transvaal het 'n komitee benoem wat onder andere die vraagstuk van oorgang tussen skool en universiteit, insluitende die stelsel van keuring,

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, 1/1962, p.2.
(1) Koers: Junie 1967, Nr.6, p.84.
(3) Die Transvaler, 5 Oktober 1966.

moes navors en daaroor verslag doen. Na deeglike oorweging van die verskillende aspekte van die saak het hulle die instelling van 'n voor-universiêre jaar afgekeur.[1]

Terwyl hierdie saak op hoë vlak aandag geniet het, het die Höhere Privatschule te Windhoek hom onafhanklik besig gehou met die moontlikheid van 'n dertiende skooljaar. 'n Bykomende faktor wat dit vir die privaatskole veral aktueel gemaak het, was die moeilikhede wat studente ondervind om toelating tot oorsese universiteite te verkry. Sedert die afskaffing van Abitur in 1939 was die privaatskole gedwing om onderrig te verskaf wat aansluiting met Suid-Afrikaanse universiteite of kolleges verseker het. Gewapen met Matrikulasievrystellingsertifikate kon Suid-Afrikaanse studente hulle onmiddellik laat inskrywe aan Duitse universiteite, dog hulle studietyd is slegs bereken van die datum van 'n suksesvolle voltooiing van 'n twee-semester toelatingskursus. Duitse studente daarenteen met dieselfde sertifikaat as hulle Suid-Afrikaanse vriende, maar wat oor Duitse burgerskap beskik het, was verplig om die bykomende Abitur-eksamen af te lê. Dit was 'n onverstaanbare teenstrydigheid.[2]

Jarelange onderhandelings met die betrokke beamptes te Bonn het uiteindelik geslaag toe in Augustus 1961 toestemming verleen is vir die instelling van 'n dertiende skooljaar of St.11. Dit sou oor een jaar strek en ses vakke verpligtend stel te wete Duits, Geskiedenis, Engels, Afrikaans of Latyn,

---

(1) T.O.D., Vereistes en prosedures van keuring van Kandidate vir universiteitstoelating, Deel 3, gedateer 30 April 1965, p.80.

(2) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, 1/1962, p.6.

Wiskunde en Fisika. Slegs kandidate met Matrikulasievrystelling kon tot die kursus toegelaat word. Suksesvolle aflegging van die kursus verleen onmiddellik toelating tot enige universiteit in Wes-Duitsland of enige ander land waarmee Wes-Duitsland 'n kultuurooreenkoms handhaaf.(1)

Die besondere verdienste van hierdie onderneming lê in die feit dat van 1962 af 'n studiejaar in Suidwes-Afrika weer aangebied word wat gelykstaande is aan Abitur, met ander woorde dat daarin geslaag is om te herstel wat weens die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog verlore gegaan het. Ongetwyfeld sou dié kursus ook in die slag gebly het weens die opskorting van alle voorregte aan Duitssprekendes teen die einde van 1945, maar die uitbreek van die oorlog het vroeër daaraan 'n einde gemaak om dat dit onmoontlik was vir Duitse eksamenbeamptes om na Suidwes-Afrika te reis om die Abitureksamen te kan afneem.

Dit het egter ook 'n einde gemaak aan die teenstrydige toelatingsvereistes wat vroeër aan studente met een en dieselfde sertifikaat gestel is. Dat die privaatskool hom met die oplossing van die vraagstuk bemoei het, getuig verder van inisiatief deursettingsvermoë en visie, want soos reeds aangedui het die vraagstuk nie net gehandel oor toelating nie. Wat nou hiermee verweef was, was die poging tot beter aanpassing by die universiteit. In plaas van die probleem na die universiteit te projekteer of die Matrikulasiekursus te oorlaai, is 'n bykomende jaar by die skoolprogram gevoeg wat die potensiële universiteitstudent 'n geleentheid tot

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule Windhuk, p.43.

verdieping gebied het. Die studie is gemik op ontleiding en beredenering, dit is dissiplinering tot selfstandige denke en as gevolg daarvan 'n uitstekende voorbereiding vir toelating tot 'n universiteit.[1]

Met hierdie stap het die Deutsche Höhere Privatschule getoon dat hy in pas is met soortgelyke ontwikkeling in ander lande. In die Verenigde State van Amerika bestaan daar Juniorkolleges wat in 'n groot mate bydra tot beter vorming van kandidate met die oog op universitêre opleiding. In twee state in Kanada bestaan daar 'n Graad 13 en in 'n ander staat kan Graad 12 oor twee jaar geneem word.[2] In Engeland en Wallis bestaan die Sixth Form en in Skotland word die instelling van 'n Advanced Grade Examination oorweeg.[3] In Wes-Duitsland duur die skoolloopbaan van 'n kind dertien jaar en waar kandidate reeds 20 jaar oud is by toelating tot universiteite, ondervind hulle blykbaar minder aanpassingsprobleme.[4]

Waardevol in die evalueringsproses is seker ook die mening van die eerste studente wat hierdie kursus deurloop het. Hulle bevestig dat hulle dit met vrymoedigheid kan aanbeveel. Gedurende hul studiejaar moes hulle baie hard werk, maar hulle is beloon deurdat hulle geestelik gevorm is tot 'n gebalanseerde beskouing oor sake wat die resultaat is van diskussies, navorsing en eksperimente. In die proses het hulle baie kritieser en selfstandiger geword in hulle

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, 1/1962, p.7.

(2) T.O.D., Vereistes en prosedures van keuring van kandidate vir universiteitstoelating, Deel 3, gedateer 30 April 1965, p.78.

(3) Ibid., p.79.

(4) Ibid., p.39.

dade en denke. Dit was 'n ervaring om 'n eie standpunt te verdedig. Hulle het dié basiese wysheid geleer dat 'n saak soms verskillende fasette kan hê. Bo alles was dit 'n belewenis om die kursus in hul moedertaal te voltooi, want „wenn wir reden können wie uns der Schnabel gewachsen is, arbeiten wir mit viel grösserer Lust im Unterricht mit."(1)

(iii) <u>OPLEIDING VAN KOSHUISPERSONEEL</u>.

'n Ander verdienstelike bydrae van die Duitse privaatskole is die opleiding van koshuispersoneel te Karibib. Ook hier het die Duitsers pionierswerk verrig deur hul sentrum in Januarie 1964 te open. Die Administrasie van Suidwes-Afrika het gevolg deur 'n soortgelyke kursus in Windhoek vir Afrikaanssprekendes van 1966 in te stel.(2) Aangesien so baie kinders in Suidwes-Afrika in koshuise gehuisves word, is dit noodsaaklik dat opgeleide personeel in hierdie inrigtings werksaam is. In Karibib duur die kursus twee jaar. Na suksesvolle voltooiing van die studie ontvang die kandidate 'n sertifikaat van die Departement van Onderwys. Daarmee kwalifiseer hulle vir aanstellings in private- sowel as staatskoshuise, wat laasgenoemde betref(3) volgens bepaalde salarisskale. Behalwe dus vir die besondere weg wat gebaan is deur hierdie tipe opleiding in Suidwes-Afrika, dien Karibib verder as bron vir werwing van opgeleide koshuispersoneel, waaraan die land 'n baie groot behoefte het.

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, 2/1963, p. 16-18.

(2) Departement van Onderwys: Omsendbrief E.45/67 van 1 Augustus 1967.

(3) Dep. van Onderwys: Spesiale Brosjure i.s. Opleidingsentrum Koshuispersoneel Windhoek, wat o.a. Doel van opleiding, vereistes vir toelating (18 jr. en St. 8-sertifikaat), beurse en salarisskale aanstip.

(iv) DIE DUITSE ONDERWYSER.

Die aandeel van die Duitse onderwyser kan nie onderskat word nie. 'n Onderwysstelsel kan in teorie voortreflik wees, maar die sukses daarvan is ondergeskik aan die suksesvolle praktiese toepassing daarvan deur die ware opvoedkundige. Dit dien dan tot eer van hierdie groepie manne en vroue gesê te word dat hulle deur die jare toegewyd 'n saak kon dien. Nie almal kom van Wes-Duitsland nie, soos die Landesverband in die twintiger jare geëis het. Onderstaande gegewens bied 'n interessante beeld van die posisie in 1966 ten opsigte van diensdoende Duitse leerkragte verbonde aan staatskole:(1)

| | | |
|---|---|---|
| (i) | Op kwota van Duitsland ingevoer | 13 |
| (ii) | In Duitsland gebore en opgelei, nou in Suidwes-Afrika gevestig | 23 |
| (iii) | In Duitsland gebore, opgelei in die Republiek van Suid-Afrika en nou Suid-Afrikaanse burgers | 2 |
| (iv) | In Duitsland gebore en opgelei, in Suid-Afrika onderwysersdiploma verwerf, nou in Suidwes-Afrika woonagtig | 1 |
| (v) | In die Republiek van Suid-Afrika gebore en opgelei, nou in Suidwes-Afrika | 2 |
| (vi) | In Suidwes-Afrika gebore, in die Republiek van Suid-Afrika opgelei en nou in Suidwes-Afrika woonagtig | 32 |
| | | 73 |

(1) Departement van Onderwys, Brief Nr.P, gedateer 19 Augustus 1966.

Die treffende uit bogenoemde is dat slegs 13 uit 73 onderwysers van Wes-Duitsland gewerf moes word, dat 23 in Wes-Duitslandopgeleide leerkragte nou in Suidwes-Afrika woonagtig is en dat 32 seuns en dogters wat in Suidwes-Afrika gebore is, nou reeds in diens is om, wat aan hulle deur die jare oorgedra is, terug te ploeg in die volk van môre. Dit is 'n verblydende verskynsel wat 'n mooi belofte inhou vir die toekoms, want die voortbestaan van die Duitsmediumafdelings hang tot 'n groot mate af van die Duitssprekende se gewilligheid om op die gebied van die onderwys sy samewerking nie te weerhou nie.

Daar is gelukkig alle tekens dat die belangstelling van die Duitssprekende onderwysers(esse) nie net deur getalle weerspieel word nie. Die deelname van hierdie leerkragte aan besprekings tydens die kongresse van die Suidwes-Afrikaanse Onderwysersvereniging dui op volkome meelewing. So goed is die verteenwoordiging en samewerking dat op hulle eie versoek 'n belangegroep vir Duitssprekende onderwysers deur die Hoofbestuur van die Onderwysersunie goedgekeur is.(1) Die verslae van hierdie belangegroep getuig van deeglikheid en 'n eerlike soeke na oplossing van vraagstukke tot beswil van die land.(2) Daardeur het hulle onderandere 'n belangrike beslissing ten opsigte van onderwysersopleiding in Suidwes-Afrika verkry. Op die versoek dat Duitse onderwysers in staat gestel moet word om na 'n sekere aantal jare diens vir een jaar oorsee te gaan om in Wes-Duitsland verdere oriëntering in verband met Duitse metodiek op te doen, het die

---

(1) Notule van die Hoofbestuur, S.W.A.O.U., 27. 9. 1965.

(2) Educa, Desember 1966, p. 21.

Direkteur van Onderwys, dr. J.T. van Wyk, 'n nuwe weg aangedui. Daar is onderhandelings gevoer met Suid-Afrikaanse universiteite om vas te stel of 'n kursus in besondere Duitse didaktiek nie ingestel kan word nie. Die Randse Afrikaanse Universiteit het 'n B.A.-graadkursus ingestel vir studente wat hulle vir die onderrig van Duits Hoër in hoërskole wil bekwaam. Studente wat oor Duits Hoër vir Matrikulasie bebeskik mag in hul eerste studiejaar aan die universiteit Duits 11 neem op voorwaarde dat hulle voor die einde van die eerste semester 'n tentamen aflê om te bewys dat hulle met die leerstof van Duits 1 vertroud is. In hul tweede jaar neem hulle Duits 111 en in hul derde jaar Duits 111 (Hoër Graad) wat spesiaal ingestel sal word. (1)

Hierdie kursus sal wat toekomstige opleiding betref van onskatbare waarde wees vir Suidwes-Afrika, veral as die Onderwysowerhede in samewerking met die Randse Universiteit mettertyd ook opfrissingskursusse vir diensdoende onderwysers reël. Behalwe hierdie aankondiging is daar die belofte dat in die te stigte Opleidingskollege vir Suidwes-Afrika ruim voorsiening gemaak sal word vir opleidingsgeriewe vir onderwysers in die Duitse taal.(2)

Behalwe die samewerking van Duitse leerkragte wat uit hul belangstelling in onderwysprobleme blyk, is daar mooi getuienis op ander gebied. By monde van die hoof van die Glück-Auf-Schule, Tsumeb, word erken dat die Staat in vertroue groot vryheid aan die Duitse gemeenskap geskenk het deur middel van aparte Duitse skole. Hierdie vryheid wil hulle nie misbruik nie.

---

(1) Die Direkteur van Onderwys, (a) Brief aan die S.W.A.O.U., 14.7.67. (b) Spesiale omsendbrief, 29.11.67.

(2) Die Suidwester, 1 September 1967. Mnr. A.H. du Plessis doen die aankondiging tydens die Nas. Partykongres.

Hulle wil ook geen staat binne 'n staat wees nie. Suidwes-Afrika is ook hulle Vaderland, die Stem van Suid-Afrika hul Volkslied en die Landsvlag word deur hulle met net soveel eerbied gehys en gehuldig as in enige ander staatskool.(1) Dit is die belydenis van 'n man wat in die praktiese onderwys staan wat namens die Duitssprekendes getuig dat hulle ten spyte van taal- en kultuurverskil deel van die Suidwes-Afrikaanse land en volk wil wees.

C. TOEKOMSBEELD EN SLOT.

'n Blik oor die meer as 'n halwe eeu se stryd, toon 'n veranderende beeld waarin twee vernietigende wêreldoorloë diep letsels geslaan het. Dat daar gedurende die Mandaattydperk soms onaangename wrywing ontstaan het, is begryplik en dat die onderwys daarin betrek sou word eweneens verstaanbaar gesien die hele opset en ontwikkeling van die wêreldgeskiedenis van daardie tyd. Die belangrikste is egter dat die skynbaar onoorbrugbare kloof oorspan is. Daar heers tans wedersydse begrip vir mekaar se standpunte en waardering vir elk se bydrae.

Dit is essensieel dat hierdie gees van samewerking voortduur en dat dit gewortel sal bly in een gemeenskaplike nasionale trou. Mnr. A.H. du plessis, L.U.K., het hierdie saak tydens die amptelike opening van die Duitse Laerskool te Otjiwarongo aangesny en gewys op die moeilike wêreldsituasie waarin die land hom vandag weer bevind. In die Hoogste raadsale word geen respek getoon vir die integriteit van 'n volk of die onskendbaarheid van 'n nasie om op eie terrein

---

(1) Toespraak mnr. E.O. Peter tydens die opening van die Glück-Auf-Schule, Tsumeb, 14 November 1964.

volk of die onskendbaarheid van ' nasie om op eie terrein sy heil uit te werk nie. Hy het gemaan dat „a time may come when we will need each other very dearly, no matter whether we speak Afrikaans, German or English and that we will then be very glad that we have each other. Why shall we then not be sensible and appreciate the fact that we have each other now?"(1)

Mnr. du Plessis se vermaning moet gesien word teen die agtergrond van aanhoudende aanvalle op die Republiek van Suid-Afrika in die vergaderings van die Verenigde Volke Organisasie, gerugte van pogings tot „oorname" van die gebied Suidwes-Afrika om die nie-blanke volke „vry" te maak waarin die moontlikheid van oorlog nie uitgesluit is nie.(2) Daar moet ook egter verder terug gekyk word na 'n tydperk toe daar diepe skeuring in die bevolkingsgeledere van Suidwes-Afrika was, iets wat ten alle koste vermy moet word. In dieselfde gees verheug Sy Edele die Administrateur, mnr. W.C. du Plessis, hom as hy in 1964 die amptelike ingebruikneming van die eerste deel van die nuwe gebouekompleks van die Höhere Privatschule Windhoek bywoon en bevestig dat die inwoners van Suidwes-Afrika nader aan mekaar gekom het as ooit tevore. Hy voeg egter by: „This realization of the necessity of national unity must keep on growing and it must appear in all spheres of our nationhood."(3)

---

(1) Rede van mnr. A.H. du Plessis, L.U.K., tydens die amptelike opening van die Duitse skool, Otjiwarongo, op 19 Augustus 1966, p. 7 - 10.

(2) Ibid.

(3) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Spesiale Bylae, Rede van Sy Edele die Administrateur, mnr. W.C. du Plessis, op 5 Maart 1964, p.4.

Miskien het die Duitse Konsul, mnr. F. Strusch, drie jaar gelede dieselfde aanvoeling gehuldig en dit selfs nodig geag om in baie duidelike taal te stel dat daar geen plek vir wantroue en agterdog in Suidwes-Afrika mag wees nie. Voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die toenemende belangstelling van die Duitse Owerheid in sy eertydse kolonie groot kommer gewek. Daarom het hy die versekering gegee dat die gevaar aan 'n vyfde kolonne in die privaatskole tans nie bestaan nie. Die finansiële steun van die Wes-Duitse regering is nie voorwaardelik nie. As die regering in Bonn iets verlang dan is dit slegs die behoud van die moedertaal terwille van die Duitssprekendes self. Daarom moet die privaatskole nie gesien word as buitelandse skole wat oorgeplant is na Suidwes-Afrika nie. Hulle is Suidwes-Afrikaanse skole met Duits as medium van onderrig. Die Duitse taal moet dus dien en nie oorheers nie, want „sie ist die Stimme seiner Kindheit und Zukunft, seiner Erinnerung und Sehnsucht". Verder het hy die Duitsers gemaan om nie snobisties te wees en te dink dat alle egte kultuur net deur die Germaanse rasse besit word nie. Die Duitse kultuur is wel Wes-Europees en dit span die brug tussen Suidwes-Afrika en Europa, maar die handhawing daarvan bring ook die verantwoordelikheid mee om die kultuur van die buurman met eerbied en respek te bejeën.(1)

Met die oog op die feit dat daar in die toekoms in alle opregtheid en eerlikheid verder onderhandel sal moet word, is bogenoemde versekering verblydend. Dit is belangrik dat dit by 'n skoolgeleentheid aan ouers, belangstellendes en

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Spesiale Bylae, Rede van die Duitse Konsul, mnr. F. Strusch, op Maart 1964 p. 6 - 8.

kinders onomwonde verklaar word. Daar mag nooit 'n herhaling wees van toestande wat verwydering veroorsaak het nie. Dit kan alleen rampspoedige gevolge hê vir alle dele van die bevolking.

Ten opsigte van die skoolwese dring daar sekere vrae na vore. Deur die staat word moedertaalonderrig tot St.8 in die vooruitsig gestel te Swakopmund. In alle waarskynlikheid sal Swakopmund dan ontwikkel tot 'n volwaardige Duitse Staatshoërskool waarin moedertaal sal geld behalwe in die eksamenvakke van die Senior Kursus. Die vraag onstaan of daar ten opsigte van die laerskoolkursus 'n beleidsverandering sal intree. Tans word nog in St.4 vir 'n halfuur Gesondheidsleer en in St.5 Gesondheidsleer en Aardrykskunde saam vir 'n uur-en-'n-half deur medium van een van die landstale onderrig. Dit skyn logies te wees dat daar 'n wysiging sal kom wat moedertaalonderrig ook in die Duitsmediumafdelings sal wettig en dat die Administrasie dan in die Junior Sekondêre Kursus voorsiening sal maak vir die geleidelike oorskakeling na 'n amptelike taal as medium later in Sts.9 en 10.

In ag genome die verspreiding en konsentrasie van Duitse leerlinge, is dit moontlik dat die Staat, namate toestande hul daartoe leen, verder voorsiening kan maak vir 'n tweede Duitse Staatshoërskool in Windhoek en later selfs 'n derde êrens in die Noorde, waarskynlik Otjiwarongo, Grootfontein of Tsumeb.

Twee Duitse Staatslaerskole is in die vooruitsig gestel te Windhoek en Swakopmund onderskeidelik. Namate die sukses van hierdie skole hul stigting regverdig, skyn dit redelik

te wees om die ontstaan van identiese skole ook op ander sentra met redelik groot inskrywings in Duitsmediumafdelings te verwag. Hierdie ontwikkeling mag eventueel die sluiting van kleiner Duitsmediumafdelings veroorsaak sodat deur sentralisasie groter skole op strategiese plekke bewerkstellig kan word. Dit sou ook dié voordeel meebring dat Duitse onderwysleerkragte meer ekonomies versprei en gebruik kan word, wat met die oog op die aanhoudende tekort aan onderwysers, welkome verligting sal veroorsaak. Indien dit gebeur, sal dit in ooreenstemming wees met die versoek van die Duitssprekendes dat gedeeltelike sentralisasie kan plaasvind met die skepping van fasiliteite vir Duitsmediumonderrig. Daar bestaan egter die beleid ten opsigte van minderheidsgroepe dat indien daar vyftien leerlinge ingeskryf is, so 'n afdeling wel in die lewe geroep kan word. Dit is te betwyfel of die staat enige druk in die opsig sal uitoefen, want die ander nadeel is natuurlik dat met groter sentralisasie die invloed van die ouerhuis al meer ontbeer word. Met die uitgestrektheid van die land, geskied dit prakties egter wel daagliks, ook as gevolg van die ondersteuning van die privaatskole.

'n Verdere probleem wat aandag verg is die subsidiëring van privaatskole. Die Administrasie het herhaaldelik aangekondig dat dit nie die beleid is om privaatskole te subsidieer nie en dat namate die Staats self voorsiening kan maak vir die onderwysfasiliteite van die leerlinge tans in in privaatskole die toekenning van staatstoelaes in hersiening geneem sal word. Indien die subsidie,wat tans as onvol-

doende beskou word,[1] ingrypend verminder of totaal afgeskaf word, sal die privaatskole beslis groot finansiële probleme ondervind. Hulle sal dan ook die belangrike vraag moet beantwoord naamlik of hulle hulle voortbestaan kan regverdig. Weliswaar kulmineer die opleiding in die Höhere Privatschule te Windhoek in die Dertiende Skooljaar wat die kanaal skep vir toelating tot oorsese universiteite, maar dit is twyfelagtig of die Staat dieselfde voordele sal skep in 'n Duitse Staatshoërskool. Daarby word dit in die privaatskool as ideaal gestel om die metode en doelstelling van die Dertiende Skooljaar ook na onder, dit wil sê na die middelbare standerds oor te dra, sodat die onderrig al meer deur selfwerksaamheid gekenmerk sal word, veral in die natuurwetenskaplike vakke. As die skool van die ander skole in die land slegs daarin te onderskei is dat die medium van onderrig Duits is, is dit volgens voorstanders van die privaatskole 'n hoogsonbevredigende toestand. „Es gehört zu den Aufgaben aller deutschen Schulen in der Welt, neben der Pflege der Muttersprache der deutschen Bildungstradition und Unterrichtsmethodik Rechnung zu tragen".[2] Dit bly dus 'n vraagstuk wat in die toekoms onder die oë gesien sal moet word sodra die staatsubsidie weggeneem word, wat heelwaarskynlik is. Op daardie stadium sal die Schulverein self moet besluit of die ideale wat vir die Duitse privaatskool gekoester word onversoenbaar is in die

---

(1) Die Suidwester, 12 November 1966: Mnr. V. Rodenwold van Karibib tydens die Kongres van die Nasionale Party, Windhoek. Tans is die subsidie R46 vir laerskoolleerlinge en R92 per kind in die Sekondêre Afdeling (6-8) Die ou kwota word gehandhaaf d.w.s. vir Karibib 120, Luderitz 134, Convent of the Holy Cross 147, St. Georges 79, en Höhere Privatschule 387.

(2) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, 1/1962, p.7.

Staatstelsel, want die probleem van groter selfwerksaamheid en 'n poging tot groter denke en minder slaafse kennisversameling en -reproduksie terwille van eksamens te stimuleer, is nie beperk tot die privaatskool alleen nie maar die ongemaklike vraagstuk waarmee alle middelbare skole worstel.

Laastens sal die Duitsers moet besef dat Duitsmedium-afdelings en -skole alleen kan voortbestaan indien die Duits sprekendes hulle in toenemende getalle as onderwysers(esse) bekwaam. Dr. J.W. Brandt het in 1964 'n beroep op ouers gedoen om hul kinders aan te moedig om van die beskikbare Administrasie beurse en lenings gebruik te maak om hulle in dié rigting te bekwaam ten einde die groeiende tekort aan onderwysers aan te vul.(1) Die Staat is dankbaar vir die goedgesindheid van die Wes-Duitse Owerheid om leerkragte op 'n tydelike basis beskikbaar te stel terwyl oorsee self 'n tekort aan onderwyskragte gevoel word.(2)

Dit moet egter die ideaal in Suidwes-Afrika bly om in die voorsiening van onderwysers(esse) selfgenoegsaam te word, want hoewel die arbeid van oorsese leerkragte hoog waardeer word, ondervind sulke persone in een opsig 'n belangrike agterstand en dit is dat hulle 'n gebrek aan agtergrond van die landsomstandighede en sy bevolkingsgroepe het. Die begaafde Duitssprekende wat veranker is in die bodem van Suidwes-Afrika, wat op grond van geboorte en opvoeding 'n

---

(1) Rede van dr. J.W. Brandt tydens die amptelike opening van die Glück-Auf-Schule, Tsumeb, op 14 November 1964, p.3. Vergelyk ook 'n dergelike oproep van dr. J.T. van Wyk, Direkteur van Onderwys, op die Duitse ouers by geleentheid van die opening van 'n nuwe koshuis te Tsumeb, Allgemeine Zeitung, 17 Augustus 1967.

(2) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Spesiale Bylae, Rede van Sy Edele die Administrateur, mnr. W.C. du Plessis, p.5.

onlosmaaklike deel van die land en sy mense geword het, sal ook in toewyding aan die opvoedingstaak in volle oorgegewendheid van hart en liggaamskragte, die Duitse kind kan lei en besiel om in sy moedertaal die dieptes en rykdomme van sy kultuurgoed te herontdek, te handhaaf en uit te bou, maar meer nog, hy sal ook uit innerlike oortuiging die jeug se oë kan open vir die heerlike voorreg om saam met hul anderstalige medeburgers die uitdagings van die tyd te aanvaar en te arbei aan die toekoms van 'n eie nasie. As dit gebeur, sal die stryd van die Duitser om die behoud van sy eie nie tevergeefs gewees het nie en sal die geskiedkundige oor baie jare in 'n terugblik kan bevestig dat die gebeure van die verlede slegs die groeipyne van 'n wordende volk verteenwoordig, 'n blanke volk wat as drie taalgroepe elk met 'n eie kultuur groot genoeg was om mekaar te respekteer, aan te vul en op grond van vertroue en geloof in 'n gemeenskaplike taak versnelt het tot 'n eie nasie in Suidwes-Afrika.

----oooOooo----